

Nuusblad van Negester Klein-Kariba
Jaargang 5 No. 6 Junie 2023

HOOR JY?

Daar is sóveel geluide wat 'spesiaal' is, maar die geroep van 'n visarend sal maar altyd vir my een van dié mooistes bly ... ek kry skoon hoendervleis elke keer as ek dit hoor!

Hoe fantasties om te besef dat, nét so besonders, kenmerkend, eiesoortig, onmiskenbaar, duidelik en helder soos die geroep van 'n visarend, so is elkeen van óns se 'geroep' vir God! Hy begéér dat ons na Hom sal roep en Hy nóói ons ... *Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie* (Jer 33:3) ... *roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer* (Ps 50:15).



Wat my asem egter wegslaan is dat God ons nie net nóói om Hom aan te roep nie, maar dat Hý – die Skepper, Onderhouer en Koning van die heelal – óns ook roep! *Hy wat julle roep, is getrou* herinner Paulus ons (1 Thes 5:24) ... *Hy roep Sy eie skape by hulle naam* skryf Johannes (Joh 10:3) ... *Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!* roep Jesaja dit uit (Jes 43:1). Het jy al Sy roepstem gehoor?

Hebreërs 3 en 4 verduidelik hoe Moses die Israëliete uit die slawerny van Egipte na die beloofde land gelei het, en dat Jesus ons nét so uit die slawerny van sonde na die ewige lewe wil lei. Die hartseer is egter dat die volk opstandig en ongehoorsaam geraak en hardkoppig geweier het om in God te bly glo en Hóm te vertrou. Persoonlike keuses lei daartoe dat hulle harte teenoor Hom verhard en – ná 'n woestyn swerftog van veertig jaar, wat afstandsgewys sowat twee weke moes duur – is dit nét Josua en Kaleb, uit álmal wat Egipte aanvanklik verlaat het, wat die beloofde land uiteindelik binnegaan. Dit nadat almal God se werke veertig jaar lank persoonlik gesién en belééf het, maar hulle dwalende harte veroorsaak dat hulle nie toegelaat was om God se rus in te gaan nie (Heb 3:9-11) ... hoe kan 'n mens darem 'n slaaf van eie keuses word!

Met dit as agtergrond, kom die Hebreër skrywer en waarsku ons om nie hardkoppig ons harte te verhard as God met ons praat nie (Hebr 4:7(b)). Maar hoe fantasties dat God, ongeag, telkens núwe geleenthede skep om Hom te hoor en te kies, omdat dit Sy begeerte bly om ons tot óns voordeel te leer en te lei op die pad wat ons moet loop ... vrede te ervaar soos 'n rivier, en geregtigheid soos die golwe van die see (Jes 48:17-18). Hy wil ons harte en begeertes vernuwe en Sy Heilige Gees vir ons stuur (Joh 14:26 en 16:7) ... verbysterend!

Jesus nooi jou steeds, vandag, nou: Kom na My toe; gee jou bekommernis, moegheid, stres, spanning en moedeloosheid vir Mý, kom rus in My (Matt 11:28) ... as jy dors het, kom na My, en drink! (Johannes 7:37). Hoor jy Hom? Wat jou omstandighede is en of jy al op Sy roepstem reageer het, weet ek nie, maar ek wil jou graag aanmoedig ... dóén dit, vertrou Hom!

Winter – die 'seisoen van rus' – het 'amptelik' ook hier op Negester ingetree, en ek bid dat elke koue oggend en elke 'knypie in die lug' jou nie net aan Jesus se uitnodiging tot rus in Hom sal herinner nie, maar dat dit jou ook sal inspireer om Hom met verwagting en opgewondenheid te vertrou en te dien!

Josua staan uiteindelik voor die volk en konfronteer hulle weer met 'n keuse ... *kies julle dan vandag wie julle wil dien*. Sý keuse is egter ononderhandelbaar: *ek en my huis, ons sal die Here dien!* (Jos 24:15). Jy het vandag opnuut dieselfde keuse ... dalk vir die eerste keer, dalk by herhaling, dalk ter bevestiging van 'n keuse wat jy rééds gemaak het, maar besin móói ... **hoe kies jy?**

Pappa Vader, ek bid dat elkeen wat U roepstem nou hoor – hetsy vir die eerste keer, by herhaling, of ter bevestiging – dit nié sal ignoreer nie, maar daarop ag sal slaan en sal antwoord ... 'ek hoor Here, ek kiés U!'

Laat enige iets wat ons daarvan probeer weerhou, enige iets wat twyfel of vrees in ons harte mag veroorsaak, verdwyn soos mis voor die son ... dat ons harte sal oorborrel van opgewondheid oor U wat ons so oneindig liefhet en ons persóónlik by die naam roep!

Laat die werking van U Heilige Gees in ons die oorverdowende lawaai en versoekings van die wêreld al hoe sagter en minder aanloklik maak en uiteindelik heeltemal laat wegwyn ... dat ons nie net 'n sensitiwiteit sal ontwikkel om fyn te luister en U stem te bly hoor nie, maar dat ons doof sal raak vir die verleidelike stemme van ons vlees, die wêreld, en die vyand ... seblief Vader.

AMEN

Pierre Jordaan



NOU...

nou toe

Die bul aan die stert beet hê.

Betekenis:

Afr. Omgekrap wees.

Eng. To be like a bear with a sore head.



KANSA POTJIE AAND 21 JULIE 2023



Kansa beplan weer 'n potjie aand vir 21 Julie 2023 in die Negester Klubsaal. Dis lekker kuier en eet. Soos gewoonlik is daar musiek vir die wat na die ete wil dans.

Ons sal die uitnodiging gedurende Junie uitstuur sodat besprekings gedoen kan word. Kom geniet 'n heerlike aand saam.

Nellie



Onthou hierdie datum!!! 2 September 2023

Die Negester Omgewingskomitee (NOK) beplan om op 2 September 2023 'n lenteloop en opedag te hou.

Interessante natuurpraatjies en verskeie stalletjies. Die dag word afgesluit met 'n Bring en Braai by die Boma. Kom geniet die dag saam met ons.

Ons herinner julle weer nader aan die tyd.

Maureen Greyling



Boombrokkies

Dikbas

Vanjaar het die Bosveld so laat reën gekry, dit lyk amper asof die bome nie hulle blare hierdie winter gaan verloor nie. Die dikbas, "live long" (*Lannea discolor*), verloor altyd sy blare eerste en hierdie bome is nou duidelik herkenbaar met hul kort, dik, blaarloze takke. Dis 'n klein tot middelgroot boom en in die somer kan die bome uitgeken word aan die blare, waarvan die bokant groen is en die onderkant grys en harig.

Die vrugte is eetbaar en die bas word gebruik vir medisyne, tou en rooi kleurstof. Die wortels word in reepe gesny om mandjies mee te weef. As 'n dikbas vir heiningpale gebruik word, kan dit somer begin groei – vandaar die Engelse naam.

Leonora



Stywe lyne



Stywe lyne ... wat toe nie so styf was nie.

Met die koue in die lug het al die visse gevlug ... sit ons klompie manne toe daar en al wat ons doen is om in die water te staar.

Kom vissie, byt, maar tot ons spyt nie eers 'n krap aan die lyn nie.

Hierdie gaan ons nie brik, volgende maand is ons weer daar, gesond of siek.

Cassie Walkers (079 515 5568)



SLEGS DIE
BESTE
SAL DOEN.

Hi-Q

THE 1 YOU CAN TRUST

Bela-Bela. 014 736 6670

DIE BESTE
IN DIENS, PRYS
EN KWALITEIT




TYRES


EXHAUSTS


SHOCKS


BATTERIES


BRAKES

Get down to the yellow and blue.

FREE
TyreSurance

ON EVERY PASSENGER, SUV AND 4X4 TYRE.

NEGESTER: BYEENKOMSTE 2023: TENTATIEWE DATUMS

DATUM	FUNKSIE	SAMEROEPER	KONTAKNOMMER
21 Julie	Kansa: Potjie aand	Nellie	083 680 6965
9 Augustus	Kansa: Vrouedag	Nellie	083 680 6965
16 Augustus	Wyngilde	Alida	083 286 5066/071 609 6705
2 September	Lenteloop, Opedag, verskeie stalletjies en 'n Bring&Braai	André Greyling (NOK)	083 287 4047 (André) 082 803 6655 (Maureen)
23 September	Nas. Braaidag (Datum sal bevestig word)	Derek	083 286 5066
6 Oktober	Restaurant dag	Derek	083 286 5066
11 Oktober	Wyngilde	Alida	071 609 6705
20 Oktober	Cansa Flower Power	Nellie	083 680 6965
23 November	Kerssangdiens	Derek/Gusta/Alida	083 286 5066/083 287 9925
29 November	Wyngilde	Alida	083 286 5066/071 609 6705
2 Des	Markdag (opemark)		

Vakansietyd is kwiertyd

Wonder of jy ook die volgende rympie onthou, wat ons altyd "gepraat-sing het", wanneer die skool sluit: "Vandag sluit die skole ... juffrou word gebore ... sonder kop en tone ... in 'n blikkie bone"?

Ja, heerlike vakansietyd en dan natuurlik na Oupe en Ouma se blyplek toe. Sjoe, by my Oupa en Ouma is dinge so anders en sooooo lekkerrrrr! Die grootste andersheid is hulle liefde, drukkies, soene en bederf.

Oupa en Ouma se liefde is:

- ♥ Liefde wanneer woorde nie nodig is nie, kinders hoef nie te verduidelik of verskoning te maak nie.
- ♥ Liefde is vir hulle om te gee en te gee en, tot kinders se skaamte, min terug te verwag.
- ♥ Liefde is wanneer 'n toebroodjie uit Ouma se hande altyd smullekker smaak, al is daar net "katjebotter" op.
- ♥ Liefde is wanneer Oupa met my in die veld stap en vertel van kolhase, duikertjies en 'n njala lammetjie.
- ♥ Liefde is wanneer ouma my styf vashou as sy weet ek verlang na my pa en my ma.
- ♥ Liefde is wanneer oupa en ouma se oë saam met hulle monde lag.
- ♥ Liefde is by my oupa en my ouma.

Kleinkinders lief julle baja.

Gusta



Boererate



Verkoue

Sny 'n lemoen met skil en al.
Gebruik 1½ teelepel daarvan saam met 1 gelyke teelepel gemmer.

Kook vir 10 minute en laat afkoel.

Eet daarvan.

LAG 'N SLAG



Nuuskerige agie:

Man: "Alweer 'n nuwe rok en hoed! Waar dink jy moet ek die geld vandaan kry?"

Vrou: "Wat my foute ook al mag wees, ou man, ek is nie nuuskierig nie!"

'n Ouma is ...

'n Ouma is 'n Tannie wat nie haar eie kinders het nie. Daarom is sy lief vir ander mense se kinders. 'n Oupa is 'n man-ouma.

My boetie sê so. Ek is 'n dogtertjie. Oupas gaan stap met seuntjies en dan praat hulle oor visvang en trekkers. Hulle het ook 'n knie waarop 'n mens lekker kan ry.

'n Ouma hoef niks te doen nie, sy moet net daar wees. As 'n mens saam met 'n ouma gaan loop, gaan staan sy by mooi goed soos paddastoele en goggas sodat jy kan kyk. Sy sê nooit jy moet gou maak nie.

Oumas is gewoonlik vet, maar nie te vet om 'n kind se skoene vas te maak nie.

Oumas dra 'n bril en snaakse onderklere en hulle kan hul tande en tandvleise uithaal.

Oumas hoef nie slim te wees nie, hulle moet net weet hoekom baklei katte en honde, hoekom hoenders nie kan vlieg nie en wat is hulle met lang ore.

Almal moet probeer om 'n ouma te hê, want hulle is groot mense wat tyd het om met jou te speel.

Smart Vision Solar

Groothandelaar
en
Installeerders
van
PV Sonkrag Stelsels

Kontak
Willy 078 364 1416

Nostalgie



S O R G S E N T R U M

DIE ASMA STORIE

Die woord asma kom van antieke Grieks en beteken moeilike of moeisame asemhaling. Presies hoe asma ontwikkel, is nog nie definitief uitgeklaar nie. Daar word geglo dat omgewingsfaktore sowel as genetiese invloede 'n rol speel. Asma is nie iets wat mens self kan diagnoseer nie

Wat is asma

In asmalyers is die bronchi hipersensitief as gevolg van chroniese ontsteking. Die slymvlies wat aan die binnekant van die bronchi is, swel en produseer 'n taai slym. Die binneste deursnee van die bronchi word nouer en maak dit moeiliker vir die pasiënt om in en uit te asem.

Is allergiese asma dieselfde as asma?

Asma verskil vir elke individu.

Allergieë is 'n algemene oorsaak van asma. Daar kan een, of meer as een, sneller wees. Hierdie snellers kan koue weer, oefening, spanning of 'n siekte toestand soos verkoue of griep insluit.

As u allergiese asma het, is dit die blootstelling aan 'n stof wat 'n allergeen genoem word.



Tekens en simptome van 'n aanval sluit die volgende in:

- | | |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <ul style="list-style-type: none">• Kort van asem• Gevoel van styfheid op die bors• Borspyn• Hoes- of hygaanvalle | <ul style="list-style-type: none">• Hyg tydens uitaseming• Slaapsteurnisse wat veroorsaak word deur kortasem, hoes of hyg |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

Hoe om allergiese asma tuis te behandel

Asma is nie iets wat self reggemaak kan word nie, en mediese advies word benodig. Die eerste verdedigingslinie is om asma te behandel soos voorgeskryf deur 'n geneesheer.

'n Paar dinge wat tuis kan help:

- | | |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <ul style="list-style-type: none">• Hou troeteldiere sover as moontlik buite die slaapkamer• Vra iemand anders om troeteldiere te bad en te versorg• Maak troeteldiere se bed of hok gereeld skoon, asook hulle sagte speelgoed | <ul style="list-style-type: none">• Harde vloere eerder as matte• Stofsuig gereeld• Hou kamers goed geventileerd• Was wasgoed op 60 grade Celsius |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

'n Asma-aanval is die skielike verergering van asma simptome wat veroorsaak word deur die saamtrekking van die spiere rondom die lugweë (brongospasma). Tydens die asma-aanval swel of ontsteek die bronchi en word uitermatige slym vervaardig.

Simptome van 'n asma-aanval:

- | | |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <ul style="list-style-type: none">• Erge gehyg tydens asemhaling• Konstante hoes• Sukkel om te praat• Voel angstig of paniekerig• Haal vinnig asem | <ul style="list-style-type: none">• Benoudheid of 'n gevoel van druk op die bors• Stywe nek- en borsspiere• Bleek, sweterige gesig• Blou lippe of vingernaels |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

Wat om te doen tydens 'n asma-aanval

- | | |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <ul style="list-style-type: none">• Bly kalm• Skakel die snellers uit• Volg die noodplan | <ul style="list-style-type: none">• Weet wat is die tekens van 'n ernstige aanval• Weet wanneer jou hulp nie meer voldoende is nie |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

Wanneer om dokter toe te gaan

Ernstige asma-aanvalle kan lewensgevaarlik wees, en daarom moet dit dadelik aangespreek word.

Dit is belangrik om die situasie nie te onderskat en te lank te wag nie.

As behandeling van die siekte vroeg begin word, word die risiko van langtermyn longskade en verergering van die siekte met verloop van tyd aansienlik verminder.

Goeie langtermynbeheer van die siekte help om dag na dag beter te voel en kan 'n lewensgevaarlike asma-aanval voorkom.

Om asma ná diagnose te monitor is dit belangrik om saam met jou dokter te werk, omdat die siekte dikwels met verloop van tyd verander en veranderinge aan die voorgeskrewe behandeling nodig mag wees. Daar moet vinnig en korrek opgetree word, volgens die noodplan wat met u dokter bespreek is. Chroniese asma kan lei tot permanente skade aan die hart en longe, en dus is dit belangrik om die medies voorgeskrewe terapie van asma konsekwent toe te pas.

Voorkoming

Asma-aanvalle kan egter voorkom word. Dit wil sê, ons kan strategieë gebruik om die waarskynlikheid van asma-episodes te verminder.

Om dit te doen, is die belangrikste ding om na 'n dokter te gaan met wie u 'n plan kan opstel om te voorkom dat die siekte manifesteer.

In die eerste plek is dit belangrik om te weet watter snellers ons historiese probleme veroorsaak het.

Tweedens, aangesien baie asma-aanvalle voorkom as gevolg van respiratoriese infeksies, is dit noodsaaklik om jaarliks teen griep geïmmuniseer te word en elke 5 jaar teen longontsteking.

Asma is 'n siekte wat nie genees kan word nie, dit is 'n chroniese afwyking wat die asmalyer altyd sal vergesel.

Daar is egter behandelings om die frekwensie van aanvalle te verminder en om hulle so gou as moontlik te laat verdwyn.

Die beste asmabehandeling is voorkoming.

Die eenvoudigste en doeltreffendste is die gebruik van 'n inhalator.

Asma kan maklik verwar word met ander siektes wat soortgelyke simptome het. Daarom is dit belangrik dat die dokter ander moontlike oorsake van die ongemak uitsluit.

Dit sluit onder meer die volgende siektes in:

- | | |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <ul style="list-style-type: none">• Chroniese obstruktiwe longsiekte (COPD)• Sooibrand (reflukssiekte) met irritasie van die bronchi deur maagsap• Hartversaking• Inflammasie of littekens van die lugweë na infeksies | <ul style="list-style-type: none">• Hiperventilasie• Tuberkulose• Sistiese fibrose• Longontsteking |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

Volgens die Gesondheidsorganisasie (WGO) is daar meer as 330 miljoen mense wêreldwyd wat aan asma ly.

Ondanks die hoë voorkoms daarvan, bly die oorsake van hierdie siekte onduidelik. Daarbenewens het asma nog steeds geen geneesmiddel nie, alhoewel behandelings beskikbaar is om die erns van simptome te verminder.

DIE GESONDHEIDSORG SPAN

Annatjie, Delia en Loret



Spreuke van C.J. Langenhoven ...

Vlyt en loon

“Die wêreld die draai:
Vir die swaar wintertyd om ons lande te saai-
Of om luilekkerlewend die ploeg te laat roes,
En daarna ons vrugte of onkruid te oes.”



Wie onthou nog vir Ben,
Babsie en familie?



ONS WINKEL

Bela Bela

Hoe naby is die volgende Ons Winkel vanaf Bela Bela?

**Ons Winkel
Naboomspruit → 69.9 km**

**Ons Winkel
Thabazimbi → 128.5 km**

**Ons Winkel
Polokwane → 171.8 km**

**Ons Winkel
Ellisras → 177.8 km**

**Ons Winkel
Tzaneen → 264.8 km**

Ry die *Limpopo* roete...

Heléne Schoeman 082 8919098
(Ons Winkel Bela Bela)





Yolanda Barnard Attorneys is a vibrant and dynamic specialist law firm located in Centurion, Pretoria. We specialize in the following services:

- the **Drafting of last Wills and Testaments,**
- the **Administration of Deceased Estates, and**
- the **Transfer (conveyancing) of Property.**



We have a dedicated team that will provide you with excellent high quality personal service. We strive to deliver a service that will not only meet but exceed your expectations. Please contact us today for a free first consultation.

Yolanda Barnard Prokureurs is a jong en dinamiese spesialis regsfirma gebaseer in Centurion, Pretoria. Ons spesialiseer in die volgende dienste:

- die **Opstel van Testamente,**
- die **Beredding van Bestorwe Boedels, en**
- die **Oordrag van Onroerende Eiendom.**



Ons het 'n toegewyde span wat u uitstekende persoonlike diens sal bied. Ons streef daarna om 'n diens te lewer wat nie net aan al u verwagtinge sal voldoen nie maar dit oortref. Kontak ons gerus vandag vir 'n gratis eerste konsultasie.

Kontak Besonderhede / Contact Details

Mobile: [082 941 2002](tel:0829412002)
Office: [012 880 2470](tel:0128802470)

Email: Yolanda@yb-law.co.za; celine@yb-law.co.za

Cambridge Office Park
Building 13, 1st Floor
5 Bauhinia Street
Highveld Technopark
Centurion, 0157

Ons konsulteer ook in / We also consult in

Bela Bela

DStv™

**ACCREDITED
INSTALLER**



**SATELLITE
CONNECTION**

Supply - Repair - Installation

All Audio / Video & DStv System

www.satelliteconnection.co.za 014 717 1551 / 082 494 3132

www.satelliteconnection.co.za

amore@satelliteconnection.co.za

0147171551

Taalgoeters

SOMMER SO IN DIE VERBYGAAN

Soms hoor of lees mens iets so in die verbygaan en dan wonder jy waar kom dit vandaan?

'n Paar sulke opmerkings het my laat wonder:

Wee jou! En heimwee en die wel en wee van mense. Hierdie laaste wee is nie weë soos sommiges dink nie. Al die eerste wee's het dieselfde betekenis, nl. sielewroeging: dink maar aan weeklaag. Wee jou beteken daarom jy sal dit berou. Die wel en wee wys op die wel (goed gaan) en op die wee (sleg gaan); heimwee is die hartseer verlange na die heim (huis of tuiste). Hierdie laaste woord bring sommer die woord "geheim" na vore. In geheim is dus 'n stukkie inligting wat net in die heim (huis) behoort te bly of in foelie toegedraai moet word. Foelie, die dun membraan – deesdae merendeels van aluminium – kom uit Frans (feuille), wat dit uit Latyn folium = blaar of blad gekry het; dit is ook waar folio in Afrikaans vandaan kom.

Alfred Nobel, die Sweedse vader van die Nobelprys, het vir ons die woord dinamiet gegee, 'n woord wat hy vir sy kragtige plofstof gegee het en uit Grieks gaan haal het; dunamis = sterk, kragtig; dink aan dinamiese persoonlikheid of optrede.

Na die televisiereekse onder die titel Kokkedoor ken almal dalk die betekenis van die woord. Dit kom ook uit Frans: coq d`dor; coq = haan en d`r = goud, dus die goue haan, die groot meneer.

Groete

Henk

Klipspringer

(*Oreotragus oreotragus*)



Die **klipspringer** is een van die kleinste wildsbokkies in Afrika en word op klipkoppies en bergagtige dele van Suider en Oos-Afrika en Ethiopië aangetref. Hierdie bokke is baie akrobaties en kan met gemak deur hulle rotsagtige habitat beweeg. 'n Klipspringer se hoewe is so gevorm dat dit lyk asof hy op sy tone loop.

Volwasse klipspringers het 'n gemiddelde massa van 16 kg en 'n hoogte van ongeveer 60 cm. Ooie is ietwat groter as die ramme.

Die rammetjie het skerp, reguit horings wat tot 16 cm lank kan word; die ooie van 'n paar subspesies in Oos-Afrika het ook horinkies.

Klipspringers het 'n gelerige huid, met 'n wit pens. Die binnekant van die ore is ook wit. Hulle het ook 'n unieke huid onder die antilope: lang hare wat skerp en bros en hol is soos pennetjies wat dig teen hulle lywe lê om hulle teen die ruwe, bergagtige habitat te beskerm

Buiten sy grootte, kan die klipspringer uitgeken word aan sy houding: hy het klein, silindervormige hoewe wat só groei dat dit lyk of die dier op sy tone loop. Ander kenmerke is die prominente donker vogkliere aan die binnehoeke van sy oë, en sy besonder kort stert.

Soos die naam aandui, kan klipspringers maklik van klip tot klip spring en het hulle slegs 'n klein vastrapplek nodig. Hulle kan maklik bo-op rotspeunte gesien word, waar hulle doodstil staan en die gebied om hulle bespied. Wanneer hulle bedreig word, uiter hulle 'n sagte fluitgeluid en slaan dan op die vlug.

Klipspringers is enkelopende diere, maar word soms ook in pare aangetref. Hulle is veral vroegoggend en laatmiddag aktief en slaap dan tydens die warmste tyd van die dag.

'n Klipspringer se dieet bestaan hoofsaaklik uit gras en jong lote; hy verkry ook die nodige water van die blare en is dus nie afhanklik van 'n varswaterbron nie.

Die ooi is ongeveer 7 maande dragtig, waarna 'n enkele lammetjie in die somer gebore word.

Daar is verskeie subspesies wat hoofsaaklik volgens die diere se huidkleur gedifferensieer word.

Die inligting relevant tot die bydraes oor soogdiere wat op Negester voorkom, kom van die volgende bronne:

Arrie

- Stuart's Field Guide to the larger Mammals of Africa (Chris & Mathilde Stuart)
- The Mammals of the Southern African Subregion (Reay H.N. Smithers)
- Wikipedia





'n Boodskap uit die landgoedkantoor

Die winter is nou behoorlik hier en die koue byt al kwaai.

Ons was gedurende die maand redelik besig met ons paaie, maar ons landgoed lyk weer goed met al die strepe wat klaar gevef is. Ons is ook besig met ons toegangspad vanaf die R101, en die eerste drie spoedhobbels is alreeds verwyder. Dit maak die eerste deel van die pad vanaf die R101 heelwat beter, maar ek vra tog asseblief dat ons die spoedperk van 40 kilometer per uur sal gehoorsaam omrede ons steeds tussen kleinhoewes ry.

Die vang van wild verloop goed en die eerste agttien rooibokke is alreeds gevang, sonder enige verliese of beserings. Sodra ons klaar is met die proses sal ek weer vir ons inwoners inligting deurstuur. Ons gaan ook weer van die dienste van 'n spesialis gebruik maak om 'n veldstudie te laat doen ten einde presies te kan bepaal wat ons veld se dravermoë is, en wat ons kan doen om ons veld te verbeter en reg te bestuur.

Ons het gedurende die maand ongelukkig drie groot waterlekkas gehad, wat deur die kontrakteur herstel is, en drie klein lekkas wat ons self kon herstel. Die watertoevoer is konstant en ons hou die tenk mooi vol.

Daar was geen kriminele insidente nie, en die heining word deurlopend gemonitor en verbeter soos nodig. Ook 'n groot dankie aan al ons sekuriteitswagte – by die hek en op ons perseel – wat altyd vriendelik is en bereid is om te help.

Baie dankie ook vir al die terugvoer oor die kiosk se planne, dit word waardeer en ons sal vir seker kyk hoe ons van die voorstelle kan inkorporeer.

Onthou: *Ons sien graag die prag in 'n vlinder se vlerke, maar onthou nie altyd wat dit gevef het om daar te kom nie.*

Vriendelike Groete

Dawie van Niekerk



NUUSFLITS: OPGRADERING VAN DIE R101 TUSSEN BELA-BELA EN MODIMOLLE

Volgens SANRAL het die tender op 12 Mei 2023 gesluit. Hopelik sal die konstruksie gedurende Januarie 2024 begin.

OOGKUNDIGE
GEORGE VAN DER HOVEN

 **Gratis voorskrif sonbril**

Terme en voorwaardes geld

066 517 2571

Bela-Bela | Modimolle | Mookgophong



...Lag ... traan ...

Die redaksie van Sterreilig is bly vir en saam met die inwoners en personeel met wie dit voorspoedig gaan. Ons harte gaan uit na die mense wat tans in nood verkeer.



Voël van die Maand

WITPENSSUIKERBEKKIE

Eng: White-bellied Sunbird
Cinnyris talatala

Die Witpenssuikerbekkie is goed bekend aan ons hier by Negester. Gedurende Mei en Junie is hul te volop wanneer die aalwyne blom.

Hulle is 11 cm lank en weeg 6-9g. Dit is die enigste suikerbekkie in die streek met 'n wit pens en blinkgroen keel en rug. Die wyfies het 'n grysbruin bokant en witterige onderkant. Onvolwasse suikerbekkies lyk soos die wyfie, met geel blos op die pens en oranjegeel bekgaping.

'n Pronkende witpenssuikerbekkie kan op die foto gesien word. Die geel borspluime word gewoonlik tydens die pronkroep en hofmakery ontvou.

Status: Algemene standvoël; plaaslik-nomadies.

Habitat: Droë *Acacia*- en ander boomveld, asook tuine.

Broei: Monogaam. Bou tipiese hangervormige nes. Die nes word deur die wyfie gebou in 5-8 dae en bestaan hoofsaaklik uit droë gras en blare wat gebind word deur spinnerakke. Die nes word geheg aan takke of dorings van kaktusplante soos die nagblom of turksvye.

Die wyfie lê 1-3 eiers en broei die eiers alleen uit (13-14 dae). Die mannetjie help wel met die voer van die kleintjies, totdat hul die nes begin verlaat na 2 weke. Witpenssuikerbekkies word geparasiteer deur die Meitjie.

Verspreiding: Kom in Noordoostelike dele van SA voor, tot in die suide van Tanzanië.

Suikerbekkies drink hoofsaaklik die nektar van blomme. Die nektar word verkry deur die snawel in 'n blomkelk te steek en die vloeistof met hul lang en buisvormige tonge uit te suig, maar hulle sal ook insekte en spinnekoppe vreet, veral as hulle hul kleintjies voer. Blomkelke wat nie maklik toeganklik is nie word eenvoudig aan die agterkant, naby die nektar, oopgepik. Deur hul gereelde blombesoeke dra suikerbekkies by tot die bestuivingsproses. Suikerbekkies kan nektar in vlug neem, maar hulle sit gewoonlik terwyl hulle voed.

Is suikerwater goed vir voëls? Suikerwater lok wel voëls, maar dit is nie noodwendig goed vir die voëls nie aangesien hulle dan nie die nodige vitamien A, K, E en D inkry wat hul uit nektar kry nie. Hulle kry ook kalsium en proteïene van stuifmeel. **Suikerwater resept:** Los een deel wit suiker op in agt dele water. Bring die suikerwater tot kookpunt en koel dan af tot kamer temperatuur (moet nie enige kleurmiddel byvoeg nie). Bottels kan skoongemaak word met asyn en kookwater, maar spoel die bottel net deeglik uit voor die suikerwater ingegooi word.

Bronne geraadpleeg:

Wikipedia en Robert Birds of South Africa

Gerhard Vosloo



[photo: Warwick Tarboton]



VETPLANTE IS MOOI EN INTERESSANT

Koedoelelie

Familie: Apocynaceae (Selonsroos)

GENUS: **PACHYPODIUM** (KOEDOELELIE)

SPESIE: **SAUNDERSII**

Hierdie artikel is geskryf in opvolg van die artikel oor die Impalalelie wat in die Mei 2023 Sterrelik verskyn het, omdat daar soms verwarring oor die Impala- en Koedoelelie bestaan. Soos die Impalalelie, is die Koedoelelie ook nie 'n lelie nie.

Om maklik en vinnig tussen die twee plante te onderskei. Koedoes het horings en die Koedoelelie het dorings. Die Impalalelie het geen dorings nie.

ALGEMEEN.

Die naam Pachypodium is van die Griekse woord "pachys" wat "dik" en "podos" wat "voet" beteken, afgelei. Die plant is vernoem na Sir Charles James Renault Saunders (1857-1931) wat ook 'n kranige planteverzamelaar was.

BESKRYWING

Die Koedoelelie is 'n vetplantstruikie tot 1,5 meter hoog, met 'n geswolle stam en takkies waarop gepaarde lang, skerp dorings voorkom. Die blare is blinkgroen met gegolfde rande. Die plant dra jaarliks baie wit blomme met 'n sweempie van pienk/pers daarin. Die blomseisoen duur van Februarie tot Mei. Alhoewel die wit blomme baie mooi is, lê sy aantrekkingskrag in die vorm van die stam.

Die blomme, stam en wortels bevat toksiese glikosides wat onmiddellike maagdermkanaal ongesteldheid en hartprobleme kan veroorsaak.

VOORKOMS.

Die Koedoelelie kom natuurlik voor in dele van Suidelike Afrika, die Lebombo berge, KwaZulu-Natal, Mpumalanga en Eswatini (Swaziland).

KWEKING

Hulle hou van volson, droë omgewing, goed dreineerbare, sanderige grond. Koedoelelies is uitstekende houerplante.

BRONNE: Google

Boek - Tuinvetplante deur Gideon F. Smith & Ben - Erik van Wyk

Vriendelike groete van Koedoelelie tot Impalalelie

Cobus Oosthuizen.



Pachypodium saundersii - blom



Pachypodium saundersii - struikie



Partyttjietyd

Ons hoop jy het lekker verjaer Ouma Hannie. Op 92-jarige ouderdom is jy vir baie 'n inspirasie. Jou lewensvreugde is aansteeklik. Mag die nuwe lewensjaar vir jou alles inhou waarvoor jy wens.

Redaksie





fines4u

TRAFFIC OFFENCE ASSISTANCE

cornelia@fines4u.co.za

www.fines4u.co.za

082 449 2274

Oor 'n koppie tee:

Mienie en Stephanie de Haas (199)



Waar is jy gebore en het jy grootgeword?

Mienie: Ek is gebore in Chrissiesmeer en was daar op laerskool. Daarna is ek hoërskool toe in Carolina. Na hoërskool het ek my verpleegopleiding in Ermelo gehad.

Stephanie: Ek is in Nongoma gebore maar het op Mtuba op 'n suikerplaas grootgeword. Ek het op Nongoma begin skoolgaan, graad 1 tot standerd 3, en die laaste 2 jaar op Hluhluwe. My hoërskool loopbaan het ek op Empangeni voltooi. Na matriek het ek my jaar militêre diensplig gedoen en daarna is ek na die Landboukollege Glen in Bloemfontein. Ek het op die myne begin werk en na 10 jaar daar, het ek met pynappels begin boer tot en met my aftrede.

Hoe het julle mekaar ontmoet?

Stephanie: Deur my broer. Sy meisie was 'n niggie van Mienie.

Hoeveel kinders en kleinkinders het julle?

3 kinders – 2 seuns en 'n dogter, en 8 kleinkinders waarvan 6 dogters en 2 seuns.

Wat was julle beroepe voor julle afgetree het:

Mienie: Ek het 'n materiaalwinkel in Hluhluwe gehad.

Stephanie: Pynappelboer

Wat het julle laat besluit om op Negester te kom bly?

Stephanie: Ek hou nie van die see nie, maar is lief vir die bos.

Mienie: Ek het in 'n tydskrif van Negester gelees en ons het besluit om te kom kyk. Nadat ons nóg 'n paar keer kom kyk het, het ons besluit om hier te koop.

Het julle lewenstye enigsins verander vandat julle hier bly?

Ja, ons lewe is baie rustiger.

Waarmee hou julle juisself besig?

Mienie: Ek doen blokkiesraaisels en hekel graag.

Stephanie: Ek doen sudoku, ry fiets – ek is deel van Negester se “jaagduiwels” – en ek hou van tuinmaak en veral vetplante.

Vertel my bietjie van die mooi hout kanon hier by julle voordeur:

Stephanie: Voor my aftrede het ek houtwerk as stokperdjie beoefen. Op 'n stadium het ek Gunston sigarette gerook en besluit om 'n replika van die kanon, wat op die embleem van die sigarette voorkom, volgens skaal uit hout te maak.

As jy jouself in een woord kon opsom, wat sal dit wees?

Mienie: Vriendelik en simpatiek

Stephanie: Gelowig

Wat ontstel jou?

Mienie: Daar is nie regtig iets wat my vreeslik ontstel nie.

Stephanie: Wanneer ek verantwoordelik gehou word vir iets waaraan ek niks kan doen nie.

Wat laat jou lag?

Mienie: Grapperige mense

Stephanie: Nie regtig iets in besonder nie.

Watter advies sal jul aan vandag se jonger mense gee?

Mienie: Om geloof in die Here te hê en om mekaar te respekteer.

Stephanie: Gaan terug na die basiese dinge in die lewe.

GUNSTELINGE:

Kos:

Mienie: Boerekos

Stephanie: Enigiets behalwe pasta en beet!

Drankie:

Mienie: Tee

Stephanie: Moerkoffie

Vermaak/ontspanning:

Mienie: Lees – veral tydskrifte en biografieë

Stephanie: Tuinmaak, lees – meestal geestelike boeke en rugby kyk

Musiek:

Geestelike musiek



Mienie en Stephanie by die replika van die Gunston kanon wat Stephanie gemaak het.

Boek:

Mienie: The Heavenly Man – die verhaal van die Chinese Christelike leier en evangelis, Liu Zhenying
 Stephanie: Openbaring Onthul van Riekert Botha en Distined to Reign van Joseph Prince

Sport:

Mienie: Ek kyk graag tennis en rugby
 Stephanie: Fietsry (self) en rugby

Kleur:

Mienie: Blou
 Stephanie: Blou

Dier:

Mienie: Kameelperd
 Stephanie: Meerkat

Vakansieplek:

Namakwaland in blommetyd

Dalene

Water Aërobies

Wat 'n voorreg om deel te kan wees van Negester se water aerobics-groep!

Ons oefen Maandae en Donderdae om 08:00 in Klein Kariba se swembad. Hier word wonderlike vriendskappe gesluit terwyl ons fiks bly. Charlotte, ons instrukteur, hou ons aan die beweeg en maak van elke oefensessie 'n wonderlike geleentheid. Baie, baie dankie vir jou tyd, jou altyd daar wees en vir jou bydrae om ons algehele fiksheid en welstand te verbeter.



Wat is die gesondheidsvoordele van wateraerobics?

Water Aerobics, ook bekend as Aqua Aerobics, hou baie voordele in; dit is 'n super prettige manier om fiks en gesond te bly. Dit is geskik vir alle ouderdomsgroepe, van kinders tot seniors en alle fiksheidsvlakke, van beginners tot professionele atlete. Wateroefening is 'n goeie manier om gesondheids- en fiksheidsdoelwitte te bereik en te handhaaf.



Wat doen wateraerobics aan jou liggaam?

1. Help om krag te bou

Wanneer jy in water oefen, werk jy teen die weerstand van water, so deur bloot die water te skop en te roei dra jy by tot spierontwikkeling.

2. Help met die herstel van beserings

Jou liggaamsgewig is aansienlik ligter onder water. Hierdie dryfkrag beteken dat jy nie dieselfde impak op jou gewigte of spiere ervaar as wanneer jy op land sou oefen nie. Dit is dus 'n ideale manier om te oefen en 'n besering aan die knie, heup of voet te versterk.

3. Verlaag Hoë Bloeddruk

Aqua-aërobiëse oefensessies is perfek vir diegene wat aan hoë bloeddruk ly. Jou hartklop kan aansienlik verminder word wanneer jy in water oefen in vergelyking met op land.

4. Verbeter balans en koördinasie

Wateroefening help jou om stabiliteit te bou, verbeter jou balans en brei jou spierkrag uit vir beter koördinasie. Dit beïnvloed weer jou beweging in en uit die water.

5. Verminder stres, angs en help met slapeloosheid

Deelname aan wateroefeninge kan stres en angs verminder. Die water het 'n kalmerende en

Verwysings:

Amerikaanse Nasionale Biblioteek van Geneeskunde. NCBI Nasionale Sentrum vir Biotegnologie.

strelende effek op jou brein en kan jou help om beter te slaap.

6. Help met pyn en gesondheidsprobleme

Wateraerobics help om artritis en rugpyn te hanteer. Die water se dryfkrag verlaag die impak van jou bewegings en help om die hoeveelheid spanning wat op jou gewigte en spiere geplaas word, te verlig. Warm water help ook om pyn en ontsteking rondom gewigte en geswelde spiere te verlig.

7. Verhoog uithouvermoë

Wanneer jy vir 'n lang tydperk oefen, werk jou hart, longe en spiere saam om jou fiksheid en uithouvermoë te verhoog. Gereelde waterfiksheidsklasse word aanbeveel.

8. Help met gewigsverlies

Studies het getoon dat wateroefening liggaamsvet verminder en jou cholesterolvlakke kan verlaag.

9. Toenames in liggaamsbuigsaamheid

Die waterdigtheid voeg 'n weerstand by wat gewigte en spierbewegings veroorsaak waaraan jy nie gewoond is nie.

10. Stop oorverhitting

Oefening in 'n swembad is wonderlik om liggame koel te hou tydens 'n oefensessie.

Sandra



SCHOEMBIE GARDEN & LANDSCAPING SERVICES

Garden Service / Tuindienste

Landscaping / Landskap

Grass / Gras

Succulent Plants / Vetplante

Trees / Bome

Irrigation new and repairs /

Besproeiing nuwe en herstel werk

Painting / Verf werk

TEL: 064 318 0168 / 076 798 3869

VANAF DIE BOEKRAK

Titel: Donker Drif

Outeur: Deon Meyer



'n Kaapstad se Adjudant Offisier word helder oordag by die Kaapse Waterfront doodgeskiet. Kan 'n ander SAPD Offisier daarvoor verantwoordelik wees? Hou die moord dalk verband met die geheimsinnige briewe wat geskorste Valke Speurders, Bennie Griesel en Vaughn Cupido ontvang het?

Is daar nog 'n Staatskaping op pad? Indien die twee speurders die saak kan ontrafel is nie net hulle loopbane gered nie, maar sal hulle status weer in ere herstel wees. Die groot vraag is egter, hoe ondersoek jy 'n saak in die geheim, met jou hele toekoms op die spel indien jy uitgevang word.

Jy doen wat jy altyd doen as jy Griesel en Cupido is. Bekhou, kophou en aanhou, maar die media maak dinge nie maklik vir die SAPD nie.

Griesel en Cupido kom egter agter wat die donkerste drif is wat agter alles skuil. Gierigheid.

Tot volgende maand

Ria

Wie kan ek kontak?

KLINIEK	014-736-3364	014-736-2770
Nood-nommer		072 312 3499
Berading daaglik beskikbaar per afspraak (Annatjie Moore)		014-736-2580
GROEPWERK (Annatjie Moore)	014-736-2580	
Inligting oor Kansa (Nellie Buitendag)	014-736-2725	

Maak asseblief afsprake

Maandae – Vrydae	07:30 – 09:30	Kliniek
Maandae	07:30 – 09:30	Voetsorg
Dinsdae	07:30 – 09:30	Haarsorg
Dinsdae	07:30 – 09:30	Oudioloog (Elke 2de Dinsdag)
Vrydae	Middag	Fisioterapeut

GESONDHEIDSORG



Negester Klein-Kariba is die ideale plek vir **vyftigplussers** op soek na 'n beveiligde leefstyl-landgoed en 'n droomtuiste in die **Bosveld**.



FASILITEITE EN VOORDELE

- ✓ Veilige en uitstekende beleggingsgeleentheid met ATKV as 'n ontwikkelingsvennoot.
- ✓ Pragtige natuurskoon met volop bergfiets, stap en drafroetes.
- ✓ Beheerde toegang tot die ATKV se Klein - Kariba - Vakansieoord.
- ✓ Klubhuis en sportfasiliteite, boma en ook piekniekarea.
- ✓ 24/7 sekuriteit met biometriese toegangsbeheer.





Kontak ons nou vir die nuutste plot en plan opsies beskikbaar!

Carin | +27 71 612 9129
carin@boshoffeiendomme.co.za

Hansie | +27 82 419 4642
hansie@boshoffeiendomme.co.za



Reënval



Hoe lekker het ons nie gelees nie?



KORTTERMYNVERSEKERING VIR AFGETREDENES

AANGEBIED DEUR NSB



WIE IS NSB?

NSB is 'n korttermynversekeringsmakelaar wat reeds meer as 25 jaar na kliënte se belange omsien.

Ons is kontraktueel met 12 versekeraars verbind om te verseker dat ons verskeie opsies kan bied om elke klient se risikoportefeulje te pas.

Ons lewer persoonlike diens en waarborg gemoedsrus.

Gespesialiseerde produkte en voordele vir u as afgetredenes.

ONS WIL GRAAG MET U 'N AFSpraak REËL OM U PORTEFEULJE TE HERSIEN.

Vir 'n gratis kwotasie SMS/WhatsApp gerus u naam en nommer na 086 286 0274. Voeg asb by u boodskap Negester.



Glen Manor Kantoor Park, Gebou 5, Kantoor 2,
138 Frikkie De Beer Straat, Menlyn, Pretoria, 0063
Tel: +27 (0)86 184 3672
Epos: info@nsb.co.za
www.nsb.co.za
Volg ons op Facebook en Twitter
Gereguleerde werksaak vir finansiële dienste, FSP no: 16908

TROTS GEASSOSIEER



OU AFRIKAANSE WOORDE



Omdat alle tale gedurig verander gebeur dit dat nuwe woorde geskep word en sommige woorde verouderd raak. Enkele jare gelede was **wisselrigter** nog nie geskep nie en nou is dit reeds algemeen bekend. In die matriekeksamen van die Transvaalse onderwysdepartement was daar in 1950 'n vraag oor watter taalverskynsel die nuwe woord **bromponie** was – 'n neologisme. Weet ons nog wat 'n **sponde** is? ('n bed). Wanneer het jy laas gehoor of gelees van 'n **etmaal** of 'n **anderhalfweek**? (24 uur en een en 'n halwe week), of die woord **allengs** (langsamerhand), **beusel** (twak praat), **dewyl** (omdat), **fruiik** (kortwiek), **wieke** (vlerke), **gewaad** (deftige kleed).

Henk Kruger

ONS EERSTE MOSAÏEKKLAS

Dis 'n heerlike Vrydagoggend in Mei 2023 en ons is op pad na ons eerste Mosaïekklas, dis nou Ria, Gusta, Mariana, Sandra, Annamarie en Colleen. Opgewonde soos kinders! Ons kies ons items wat ons wil mosaïek, ons kies die kleur en nou word geverf. Terwyl die items droog word drink ons koffie voordat ons die teëltjies uitsoek om te plak. Elkeen moet haar eie kreatiwiteit gebruik en 'n ontwerp maak. Ons ruil gedagtes uit. Die groot plakkery begin, dis die ene konsentrasie!

Ons word geleer om die teëls te pas, te knip en te plak. Juffrou Nellie is kwaai en laat ons dit regmaak waar daar gebrou word.

Dis die einde van dag een en môre gaan ons "grout".

Dis Saterdag oggend en ons word geleer om te "grout". Nogal 'n morsige spul. Die "grouting" is klaar en ons wag dat die items droog word ... nou is dit tyd vir koffie en kuier.

Uiteindelik is ons klaar en die items word gepoleer. Ons is verstom en bedank ons geduldige juffrou.



Die Mosaïekkers



NAG(AAP)KASKENADES



Om na ongeveer 38 jaar in die stad, waar misdaad hoogty vier en ons selfs al 'n paar keer onder inbrake deurgeloopt het, in 'n plek soos Negester te kom bly, is soos om in die paradys te beland. In die eerste weke na ons intrek hier kon ons nie genoeg kry van die stilte, die bos en sy bewoners, en die gevoel van veilig-wees, nie.

Toe word ek, nee, *SKRIK* ek een nag wakker! Soos in die liedjie oor die Dapper Muis, van 'n geknetter en 'n geknal en 'n doems en 'n karboems! My eerste gedagte was: aardbewing! Maar onmiddellik ook die besef dat ek geen trilling voel nie, so dit kan nie dit wees nie. Ek dink nie eens aan 'n inbraak nie, want hier is dit mos veilig en geen alarms het afgegaan nie! Intussen kom ek agter manlief is nie in die bed nie en self staan ek maar bewerig en skrikkerig op en begin voetjie-vir-voetjie uit die kamer sluip. Met dié dat ek die leefarea betree, spring daar iets voor my verby en, met die bietjie lig van die straatligte wat inskyn, lyk dit vir my na nagaap se kind!

Op daardie oomblik kom manlief uit die oorkantse badkamer te voorskyn en vra grootoog wat aangaan. Ek sê ek dink daar is 'n nagapie in die huis, want ek het hom voor my verby gesien spring. Ons sit die ligte aan, maar behalwe die chaos van goed wat op die vloer lê, is daar geen teken van die besoekertjie nie. Ons besluit om die skuifdeure oop te maak, miskien gaan hy uit. Ek pak intussen alles wat nog op die tafels en kaste staan en moontlik om- of afgespring kan word, af op die vloer. Ons gaan sit, alles is doodstil ... Na 'n paar minute besluit ons dat hy dalk intussen al uit is, so ons gaan maar weer terug bed toe. Ons het skaars ons lê gekry toe ons besef nee, die klein klits is nog steeds in die huis want ons hoor net hoe hy weer begin rondspring! Wéér staan ons maar op en wéér maak ons die skuifdeur oop, maar hierdie keer sit ons geen ligte aan nie. En ons wag ...

Na seker 'n halfuur of so, maak ons maar weer die deure toe en keer hoopvol terug bed toe. Die grootoog besoekertjie het toe seker wel uitgeglimp want die res van die nag kon ons toe ongestoord verder slaap.

Waar die ventjie ingekom het, weet ons tot vandag toe nie vir seker nie want alles wat kan oop- of toemaak na buite toe, is be-gaas. My dogter en haar gesin kom kuier die naweek daarna, en sy wys my toe dat die een hoek van die hangplafon in die spaarkamer effe gesak het. Dis moontlik die verklaring vanwaar die klein klits kon inkom.

Ons het die plafon laat regmaak en sommer al die ander plafonne ook laat nagaan, en daarna het geen bosbewoners darem weer kom huisbesoek doen nie.

Die skade wat aangerig is was darem nie té erg nie en, alhoewel ek aanvanklik groot geskrik het, is ek baie dankbaar dit was 'n vierpotige besoekertjie en nie 'n tweeënige skobbejak nie!

Dalene

Uit Grootjie se kombuis ...

Kits Mieliebrood

Bestanddele


1 blik geroomde mielies
2 t bakpoeier
2 eiers
1 k mieliemeel

1 k koekmeel
½ k kookolie
½ k suiker

Metode

Klits eiers en olie goed saam.
Meng die res van die bestanddele met die eiermengsel.
Gooi mengsel in gesmeerde broodpan.
Maak toe met foelie.
Plaas broodpan in 'n oondpan met water.
Bak teen 180°C vir ± 1 tot 1½ uur.
Eet jou vingers ook!

~Gusta~



Negester **Bingo** Middag



Op Woensdag, 7 Junie, het 'n groep Negesterre by die klubsaal aangemeld vir 'n ontspanne middag van Bingo speel. Die meeste het nie geweet wat om te verwag nie en was aanvanklik vreeslik ordentlik en doodstil, asof ons in 'n eksamenlokaal was. Namate die reëls verstaan was, het die tonge ook bietjie losser geword. Pryse is gewen, spelers het geskerts en heerlik gesmul aan hulle eet en drinkgoed.

Derek, Alida en Gusta het die voortou geneem en hulle weereens uitstekend van hulle taak gekwyt. Dit was 'n eerste van, hopelik, baie meer sulke prettige byeenkomste in die toekoms. Ons het gesels oor hoe om by volgende Bingo dae meer pryse beskikbaar te kan hê aangesien dit die grootste aantrekkingskrag van die speletjie is. 'n Moontlikheid is genoem dat elkeen wat deelneem, as inskrywing om te speel, een prys en een "booby-prys" kan saambring. Dit moenie iets groots of duur wees nie. Tydens die vorige middag was daar 'n aantal sjokolades en klein plantjies as pryse gebruik. Die idee is egter dat die Sosiale Komitee dit sal reël, maar dat pryse nie uit hul fondse sal kom nie. Onthou ons dobbel nie, want ons speel nie vir geld nie.



Graag wil ons hiermee 'n uitnodiging rig aan een en elkeen wat beskikbaar is om volgende keer te kom saamspeel. Bring jou eie eet- en drinkgoed en geniet dit om nog meer Negesterre op 'n heerlike informele manier te leer ken.

Bingo groete tot volgende keer!

Neeltje




NOODNOMMERS

Ambulansdiens Life 24	082 040 5003
Brandweer	014 736 8000
Polisiediens	014 736 9760/1
Stasiebevelvoerder	082 565 8512
Sigbare polisiëring	082 414 2704
Speurtakhoof	082 319 9336
HD Elektries (Dirk)	083 660 0319
Loodgieter (Eric)	083 281 7789
Smart Vision Solar (Willy)	078 364 1416
Suster Delia	082 494 2717
Landgoedbestuurder (Dawie)	071 734 3618
Hospitale	
Provinsiale hospitaal	014 736 7300




Deel ook j ou "memories" met die inwoners.



"Memories" vasgevang in 'n foto vir eendag se onthou . . .
Deur my Negeester kameranlens


KOM NEEM DEEL

Blokraaisel




baie geluk aan ons wenner!

Neem 'n foto van die voltooide blokraai en Whatsapp na 0824604570. Onthou om jou naam en huisnommer by te voeg.



Oplissing van vorige blokraai.



DWARS

1  ?



2 ?

4 Jy moet dit bewaar?



8 ?

9 Die oudste dogter van 'n regerende Monarg van Spanje of Portugal wat nie die troon sal bestyg nie.

13 Die basse word gebruik om vis mee te vergiftig?

14 21 Julie?

15 Die lelie behoort tot die selonsroosfamilie?

AF

1 Hy is nooit sonder wurms?

3 Ina se gunsteling drankie?

5 Waarmee kan Engelse "Run" in Afrikaans vertaal word?

6 Teerling?



7 ?

10 Hy kan seker nie altyd mooi sien nie, want hy vra baja kere: "Wat doen jy?"

11 How many fire hydrants does Negester have?

12 Wanneer jy veronderstel is om kwaad te word, maar jy kies om eerder te verstaan?

SPORT/ONTSPANNING



Tyd	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
06:00 – 06:45				Manne biduur	
07:00 – 09:00	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei
08:00 – 09:00	Water aërobies			Water aërobies	
08:00 – 09:00		Pilates			Pilates
10:00 – 11:00		Lyndans		Lyndans	
14:00 – 16:00		Handwerk			
15:00 – 17:00		Tafeltennis		Tafeltennis	

Sodanige besprekings sal alleenlik verskuif word indien die sameroeper van die bespreekte aktiwiteit persoonlik toestemming verleen en die kantoor persoonlik dienooreenkomstig daarvan in kennis gestel is.

Die klubhuis en veral die boma MOET bespreek word by die kantoor indien u dit wil gebruik vir aktiwiteite.

Derek

Sosiale Belangegroep

KLAPSOEN OF WINDSOEN




My ma se familie was soeners, en as klein seuntjie moes ek anties en niggies en kleinniggies voor die voet soengroet, en bewaar jou siel as jy die soen afvee! Pure ongemanierdheid en glad nie geduld nie. Daar was 'n hele klomp anties in die familie, vernoem na die stam antie, Johanna. Om onderskeid te tref is die anties dan verder vernoem na die plaas waar hulle gewoon het, sodat die plaasnaam as't ware hulle van geword het. By menige familiebyeenkomste het my ma my dikwels opgekommandeer: "Lewiesie, kom groet vir Antie Johanna Grootfontein", of Antie

Johanna Kleinfontein, of Antie Johanna Droëfontein. So het ek later geleer om al wat rok dra by verjaarsdae, troues of begrafnisse te soengroet. En dat dit die regte en gewaardeerde manier van groet was hoor ek eendag toevallig toe Antie Johanna Erfdeel vir Antie Johanna Smaldeel sê, sonder dat hulle nou weet dat ek binne hoorafstand is: "Die Lewiesie is darem 'n deetlike kind. Hy't sulke mooi maniere", waarop Antie Johanna Smaldeel antwoord: "Net jammer die arme kind is ok nou nie juis 'n oilpainting nie. Kry dit seker van sy pa se kant af."

Later in my volwasse jare kom ek toe agter dat daar ook 'n ander manier van groet is, naamlik die kontinentale kus, ofte wel die wangsoen of lugsoen. Mens kan dit seker ook die droë soen noem. Dis nou daai een waar jy die vrou wat gegroet moet word so tuitbek benader en dan op die nippertjie, net voor jy kontak maak, draai sy haar wang sodat jy soos 'n guppie lug hap. Dis egter 'n groot verleentheid, vir die manlike soener, as die wegdraai 'n breukdeel van 'n sekonde te laat plaasvind en jy skielik met 'n vroulike oorlletjie in jou mond sit. En Cosmopolitan en Esquire en al daai is verkeerd – die vroulike oorlel is nie 'n erogene area nie. Inteendeel, die oorlletjie is niks anders as 'n stukkie kraakbeen omhul met 'n harige stukkie vel nie – dit proe nes droë sjemmie. En nou moet jy, sonder om aanstoot te gee, van daai oorlletjie in jou mond ontslae raak. Jy kan byvoorbeeld jou lippe saampers en die lletjie delikaat en saggies uitspu soos 'n olyfpit by 'n deftige onthaal, of jy kan bloot oopbek staan totdat sy wegdraai met oorlletjie en al.

Nee kyk, ek het nooit kon dink dit sou so moeilik wees om te soengroet nie. Dit was so eenvoudig toe ek nog Lewiesie was.

Lewies Mymer





Coffee & Gift

R101 NOORD, @ ROCKING HORSE
NURSERY

Gifts & Crafts

Cake & Breakfast Specials



Breakfast Special

2x Eggs, 2x Bacon, 2 x
Toast, Tomato, Cheese and a
Free Coffee

R45

**Decadent chocolate
cake slice**

&

**a regular coffee
R 35.00**



Contact Mareli: 082 766 3534